# Fynbos
E nuusbrief van Streek Klein Karoo




SAWA Klein Karoo
Lente Uitgawe 2021
Esmarié le Grange

# LENTE UITGAWE

## INHOUD

1. Voorwoord
2. Bestuursinligting
3. Uit die pen van die Voorsitter
4. Oordenking
5. Lief & Leed
6. Kampjoernaal
    1) Junie 2021 - Heroldtsbaai
    2) September 2021 – Dibiki 2
7. Uit die natuur
8. Kampkos
9. Staaltjies & Stories
10. Ons lede





# VOORWOORD

Hoe lekker was dit om weer as SAWA te kon saam kamp en al die bekende gesigte te sien. Mens kom eers tot die besef van wat ons vir so lank gemis het, wanneer ons saam om 'n kampvuur kan sit en die naggeluide hoor.

Die lekkerste deel is om ou bekendes te hoor lag en gesels, grappe maak en 'n vleisie te braai.

Die vure brand hoog (en sommige nie so hoog nie) maar onderliggend weet ek dat elkeen hierdie deel van ons kampwees, menswees, SAWAwees soveel gemis het soos ons. Die deel wees van 'n familie sonder bloed maar gebind deur dit wat vir elkeen van ons kosbaar is.

**BESTUURSINLIGTING**

Voorsitter – Gawie vd Westhuizen
083 978 3219

Onder Voorsitter – Vakant

Sekretaresse - Ina vd Westhuizen
072 750 8508

Penningmeester – Carl Labuschagne
079 211 0158

Addisionele lid – Jansie Jonker
082 577 7008

Addisionele lid – Mathilde Stubbe
082 879 8773

Senior Verteenwoordiger – Attie Jonker
082 840 0595



# Uit die Voorsitter se pen

Dagsê aan die SAWANANTE van Klein Karoo

Die winter klap ons nou van al die kante af. Ons streek kort net nog reen, veral die Karoo gebied waar dit tans swaar gaan met boerderye en veral weiding as gevolg van te min reen.

Sover dit die kampeerdery aanbetref, ry ons wipplank met dit. Ons kon gelukkig van Maartmaand af gekamp kry tot en met Juniemaand; toe begin hul weer die skroef aandraai. Die oorde is ook maar skrikkerig en huiwerig om mense in groepverband te laat kampeer; om nie eers van onsself te praat nie. Mens wil mos nie onnodiglik die Gogga uitlok om jou te kom byt nie en is derhalwe maar eerder aan die veilige kant. Ons “jonges van gees” weet mos wanneer om wat te doen en nie kanse te vat nie. As gevolg van die omstandighede is Juliemaand se kamp by Dibiki Hartenbos asook die AJV se kamp by Hartenbos afgestel. Hopelik kan ons weer ons nekke uitsteek en van Septembermaand af probeer kamp.

Die AJV wat nie plaasgevind het nie se dokumentasie is aan al die lede voorsien vir hul inligting en terugvoer. Dankie vir jul samewerking hiermee; dit was nogal `n groot “job” om alles bymekaar te kon kry. Volgende jaar se kamprooster kon ook saamgestel word uit die lede se terugvoere en ons kort nog so `n paar kampkommandante, assblief julle. Laat weet vir Ina waar jul kan uithelp om dit lekker te maak vir die lede. Dis mos eintlik waaroor alles gaan.

Ons het dan ook twee nuwe oorde op die lys; nl:

Aqua Eden naby George / Pacaltsdorp wat baie netjies is en Karoowater naby Calitzdorp. Ek glo ons sal volgende jaar die saamtrekkery meer kan doen as die afgelope twee jaar.

Die huidige bestuurlede het aangedui dat hul vir die volgende jaar nog in die tuig sal aanbly. Dankie daarvoor julle.

Na afloop van die Juniemaand kamp het ons ondervoorsitter onwillekeurig, en seker vrywillig verpligtend, weens omstandighede besluit om die tuig neer te lê en soos sy gesê het: "Daar is `n tyd om te kom en `n tyd om te gaan." Ai Santie en Dirk; ons waardeer alles wat jul twee vir ons oor die jare gedoen het en jul bereidwilligheid om gereeld die voortou te neem met reëlings by die Kerskamp en marktafel en sommer met die lekker melkkos maak so tussendeur. Dit gaan ek beslis mis. Mooi loop en pas julself op; kom kuier vir ons wanneer ons kamp.

Klompie van ons lede het gedurende die afgelope maande die Covid onder lede gehad en het dit kon afskud; ons is baie bly daaroor. Ongelukkig het van ons lede familielede verloor as gevolg van Covid of ander onderliggende siekte toestande. Ons harte gaan uit na julle toe, sterkte word jul toegebid om die gemis van jul geliefdes te verwerk.

Blye tyding was dan ook dat Gideon en Esmarie oupa en ouma geword het; baie geluk jul twee.

Intussen het ons dan ook ander lede wie bedank het uit SAWA.
Oom Thys en tannie Bettie Lourens (hul was stigterslede),
Lieb en Charlotte du Raan wat besluit het hul wil vir langer periodes aanmekaar kamp
Leon en Charmaine van Niekerk as gevolg van Leon se gesondheid.
Laasgenoemdes gaan ons nogal mis want Charmaine het ons lede se verjaardae aangekondig en was altyd betrokke met reëlings van watter aard ookal. Geniet dit wat jul ookal gaan doen en ons vertrou dat jul almal ook vir ons sal kom kuier op kampe.

Veilig wees en veilig sleep; tot weersiens.
Groete
Gawie van der Westhuizen
Voorsitter

## OORDENKING

Ons is groente en vrugte in Jesus se tuin

Moenie KOMKOMMER nie, sing 'n LICHIE vir die Heer!
Jy is sy UIEkind, Sy oogAPPEL.
Laat jou KERSIE vir hom brand, want so by my KOOL, ons Heer sal jou opRAAP en bewaar.
Al is jou naam PIETER of SIELIE, Hy sal nooit RISSIE.
In Sy arms het Hy jou BEET, met Sy liefde beAARBEI Hy jou.
Al is jy soms 'n harde KOEJAWEL, sal Hy jou nie uit Sy hart SKORSIE.
Daar is jy vir altyd ingeWORTEL.

'n Vrugtige dag vir elkeen.

## LIEF & LEED

Dis altyd hartseer om SAWA lede te sien bedank.

Mooi loop julle en kom kuier wanneer ons in die omgewing kamp.

Dirk & Santie Duits
Lieb & Charlotte du Raan
Leon & Charmain van Niekerk

Baie geluk Gideon en Esmarié wat 'n kleinseun ryker geword het.

Hou ons asb op hoogte van die Lief en Leed onder lede.




JUNIE 2021 – HERHOLDTSBAAI

Vir 'n paar van ons was dit 'n eerste om by hierdie oord te kom tent opslaan. Wat 'n heerlike gevoel is dit om na soveel maande mekaar weer te sien.

Ons het gaste gehad wat heerlik saamgekuier het. Vis en Celesté ons hoop ons sien julle gou weer. Dit was net so lekker dat Alet ook kom saam kamp het

Selfs Liewe Heksie en Matewis het ons kom verras en het ons omtrent gelag vir hulle mannewales – dit moet seker die soetgoed wees want almal het heerlike roomys op die strand gaan eet.



## SEPTEMBER 2021 – DIBIKI 2 RIVERSDAL

Die langnaweek lê voor en sommige lede besluit om al Woensdag te vertrek. Riversdal Dibiki 2 – die eerste keer wat ons as Klein Karoo hier gaan kuier. Wat 'n heerlike verrassing is die kampterrein en al die geriewe. Pragtige swembad en groot staanplekke – welgedaan Dibiki 2 – julle sien ons beslis sommer gou weer.

7 woonwaens trek saam om die laaste koue te verdryf – alhoewel die dae heerlik is het ons gebibber in die nag.

Vroegaand word vure aangesteek en kort voor lank kuier ons soos net Klein Karoo kan.

Vrydagoggend word ontbyt by die Spur geniet want dit wil voorkom of niemand lus was vir skottelgoed was nie.

Alhoewel Jan Lombaard sy gehoorstuk verloor en ons in gelid stap om te kyk of ons dit kry, word gehoorstuk Sondagoggend langs die bed gekry – seker uitgeval met Saterdag se middagslapie.

Gideon sukkel bietjie om sy masker te maak pas en moes maar later tou opgooi en vuur maak.











# UIT DIE NATUUR



Rooi bruin tot olyfbruin van kleur met donker kante aan die skulp kante. Hulle hou van droë klipagtige terrein en is ook bekend as die donder weer skilpad. Gewoonlik kom hul net voor donderweer uit. Baie anders as die Kaapse pad loper wat ons hier kry op die pad in die Wes Kaap. Die wyfie lê 30-35 eiers in die grond en afhangende van die grond temperatuur kan dit tot 212 dae vat om uit te broei.

# KAMP KOS

Bully Beef Koekies

Bestanddele

2 Klein geskilde en gerasperde aartappels
1 Klein ui gerasper
1 Blik Bully Beef – fyn gedruk
½ Koppie bruismeel
1 Eier
¼ Teelepel sout
½ Teelepel pietersielie

Metode

Meng alles saam en bak in olie soos vetkoek
Dreineer op kombuispaier






Herinneringe uit ons SAWA argief – Hoofstuk 3

Ons was bevoorreg om mee te doen aan 'n hele paar SAWA toere; tweede toer saam met Streek Pretoria na die Laeveld tot in die Wildtuin. Later volg nog toere na die Wildtuin, die Natal Suidkus en Noordwes (berugte Mampoertoer) onder leiding van Hennie Maas. Nadat ons verhuis na Stellenbosch toer ons nog saam met Wapadrand na Zimbabwe en Zambië en later saam met Helderberg na Namibië. Elke toer het karakters en baie hoogtepunte opgelewer.
Oom Jan Botha, ook bekend as Oom Jan Rand, kom ontstoke by die woonwa vanaf die badkamers in Berg en Dal kamp in die Widtuin, omdat daar nie 'n mat voor die stort is nie. Die volgende oggend vroeg is hy oppad na die kantoor en vra om met die Bestuurder te praat,"- hy val sommer met die deur in die huis - "het jy 'n badmat in jou badkamer by jou huis?" vra oom Jan. Huiwerig knik die bestuurder "ja meneer; hoekom vra u?" Hoekom moet ons dan op die koue nat vloer staan as ons klaar gestort het. Onnodig om te sê dat Oom Jan die aand heerlik op een van daardie houtmatjies kon staan.
Tydens dieselfde toer, en toevallig in die dieselfde kamp kon die toergroep nie almal bymekaar staan nie.Meeste van die waens kon redelik naby mekaar staan behalwe Morris Fox; een van die stoute Wapadranders wat altyd besig was om iemand 'n poets te bak, wat in die volgende blok naby die hek moes staan.
Die volgende oggend vroeg hak een van die vreemde kampeerders wat naby ons groep staan sy wa. Een van die sawanante draf gou om vir Morris die goeie nuus te gee sodat hy nader kan skuif tot by die groep. Daar gekom vind ons dat die Fox gesin reeds gery het om diere te gaan soek. Ek stel voor dat ons klomp hulle woonwa met pale en tent skuif tot by ons groep. Laat middag kom die Fox'e terug in die kamp en een van die kinders kom aan gehardloop "ons woonwa is weg…. Paniek!!! Almal is saam besorg en niemand kan dit glo nie …woonwa met tent en al [die kamptoerusting wat buite gestaan het, is weg].
Almal troos; totdat een van hulle dogters hulle woonwa herken wat in die bondel by die res van die groep staan. Lekker uitgevang.

Attien en Jansie Jonker



# Lede

Ons het dit goed gedink om so bietjie te spog met ons lede.

Baie van die lede is al jare lid van Klein Karoo en ander nog nie so lank nie – sommige is splinternuut deel van ons streek.

Hier is so paar – hoop julle kan mekaar uitken ☺






















DELIS HEIDELBERG
